Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Almaret du Toit
Direktoraat: Kurrikulum AOO
Almaret.Dutoit@westerncape.gov.za | 021 467 2172

Lêerno: 21/2/5/2/INCREASE IN TIME
Verwysing: 20230314-2507

Kurrikulum AOO-minuut: 0003/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs vir die Grondslagfase, Prinsipale en Departementshoofde van gewone openbare skole

Onderwerp: Die bestuur van leerverliese – versterk die leer van Taal en Wiskunde in die Grondslagfase

1. Hierdie minuut verskaf verdere leiding en rigting oor die kurrikulumherstelplan vir die Grondslagfase in 2023.

2. Die COVID-19-pandemie het ongekende ontwrigting aan onderwysstelsels oor die hele wêreld heen veroorsaak. Een van die gevolge van die pandemie was dat onderrig- en leertyd verminder is, en dit het tot beduidende leerverliese gelei. Talle wêreldwye en plaaslike verslae bevestig die verreikende verliese en risiko's, onder meer die volgende:
   - *How is the COVID-19 pandemic affecting educational quality in South Africa?,* 2020, deur Martin Gustafsson en Carol Nuga;
   - Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se *Systemic Diagnostic Report*, 2022;
   - WKOD se *Systemic Diagnostic Results Report*) 2022; en
   - *Learning losses from COVID-19 in the Western Cape, 2019–2021,* deur Servaas van der Berg, Ursula Hoadley, Jaamia Galant, Chris van Wyk en Bianca Böhmer van die navorsingsgroep oor sosio-ekonomiese beleid van die Universiteit Stellenbosch.

3. Hierdie verslae toon gesamentlik dat 'n daling in vlakke van leer grootliks in die Grondslagfase voorgekom het, en dat Wiskunde en lees die meeste geraak is.

4. Die WKOD het 'n meerjarige kurrikulumherstelbenadering geïmplementeer om die impak van COVID-19 op leer en onderrig te verminder.

5. As deel van die meerjarige kurrikulumherstelbenadering, is bykomende tyd in die Grondslagfase aan Wiskunde en Tale toeken.

6. Dit is in Kwartaal 3 en 4 geloods en skole is in 2022 hiervan in kennis gestel via Kurrikulum AOO-minuut 0008/2022, gedateer 19 Julie 2022.

7. Hierdie bykomende tydstoekenning is gemonitor en hersien. 'n Opname is ook via Kurrikulum AOO-minuut 0011/2022 van 07 November 2022 aan skole gestuur om terugvoering van onderwysers te bekom oor die pad vorentoe.

8. Altesaam 55% van skole het die opname voltooi, waarvan 94% van die respondente aanbeveel het dat die bykomende tydstoekenning in 2023 voortgesit word.

9. Die model van bykomende tyd in die Grondslagfase om leerverliese te herwin, is by die raad van onderwysministers ter tafel gelê, wat die implementering van bykomende tyd om hierdie verliese te herwin, goedgekeur het.

10. Omsendbrief S5 van 2023, gedateer 12 Februarie 2023, is deur die Departement van Basiese Onderwys uitgereik om onderwysdepartemente in kennis te stel van die bykomende tyd in die Grondslagfase. Raadpleeg Bylae A in hierdie verband.

11. Die bykomende tydstoekenning vir Wiskunde en Taal in die Grondslagfase sal daarom tot aan die einde van 2024 geïmplementeer word.

12. Skoolbestuurspanne en Grondslagfase-departementshoofde sal voortgaan om die onderwysers te ondersteun en die proses te monitor.

13. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle Grondslagfase-onderwysers by hul skole te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2023-03-16